

## SDL academic discourse



On 18 February 2021, the members of SDL had a virtual gathering to introduce, discuss and engage in the different research subareas. Each subarea leader had the opportunity to promote the different fields in which scholars can position their research.

**Dr Anita Lubbe** presented an assessment to support SDL. This was followed by **Prof Christo van der Westhuizen**'s discussion on blended learning.

Next, **Dr Roxanne Bailey**, subarea leader for cooperative learning to enhance

SDL, discussed how cooperative learning is a purposeful teaching-learning strategy where learners can assist their peers and achieve their full learning potential.

**Prof Bernadette Geduld** presented on cognitive and metacognitive strategies and processes to promote SDL. The subarea for indigenous knowledge and contextualised learning to promote SDL was presented by **Prof Josef de Beer**. **Prof Marietjie Havenga**, the subarea leader for problem-based learning to enhance SDL, explained that PBL is a teaching-learning strategy that requires critical, innovative, and reflective thinking and provides students with an in-depth investigation into real-world problems. Lastly, **Prof Charlene du Toit-Brits** discussed how scholarship and praxis for SDL aim to build on theories underpinning SDL, develop new theories, explore curriculum transformation and decolonisation, develop processes of learning to create deep change in learning behaviour, attitudes and practices of individual learners and inform the 21st-century workplace and learning environments to enhance lifelong self-directed learning.

Thank you to the SDL subarea leaders for their insightful presentations and invitations to collaborate in the future. Click on the following link to read the entire article: <https://nextcloud.nwu.ac.za/index.php/s/PSBE8koK9Agkzm4>

## SGL- akademiese diskoers

Op 18 Februarie 2021 het die lede van SGL 'n virtuele byeenkoms gehad om die verskillende subareas vir navorsing bekend te stel. Die leier van elke subarea het die geleentheid gehad om die verskillende velde waarbinne SGL-akademiese hulle navorsing kan rig, te bevorder.

**Dr Anita Lubbe** se aanbieding het oor assessering ter ondersteuning van SGL handel. Daarna was **prof Christo van der Westhuizen** aan die woord oor vervlegde leer. Vervolgens het **dr Roxanne Bailey**, subarealeier vir samewerkende leer om SGL te bevorder, bespreek hoe samewerkende leer 'n effektiewe onderrig-leerstrategie is waar leerders hul eweknieë kan help en hulle volle potensiaal kan bereik.

**Prof Bernadette Geduld** se aanbieding was oor kognitiewe en metakognitiewe strategieë en prosesse om SGL te bevorder. Die subarea vir inheemse kennis en gekontekstualiseerde leer om SGL te bevorder, is deur **prof Josef de Beer** aangebied.

**Prof Marietjie Havenga** is die subarealeier vir probleem-gebaseerde leer om SGL te verbeter.

Sy verduidelik dat PBL 'n onderrig-leerstrategie is wat kritiese, innoverende en reflektiewe denke vereis en aan studente 'n diepgaande ondersoek na werklike wêreldprobleme bied.

Laastens het **prof Charlene du Toit-Brits** bespreek hoe vakkundigheid en praktyk vir SGL daarop gemik is om op teorieë te bou wat SGL ondersteun, nuwe teorieë te ontwikkel, kurrikulumtransformasie en dekoloniserings te ondersoek, leerprosesse te ontwikkel om grondige verandering in die leergedrag, houdings en praktyke van individuele leerders mee te bring en die 21ste-eeuse werkplek en leeromgewings te belig om lewenslange selfgerigte leer te bevorder.

Baie dankie aan al die SGL-subarealeiers vir hulle insiggewende aanbiedings en uitnodigings vir samewerking in die toekoms.

Klik op die volgende skakel om die volledige artikel te lees: <https://nextcloud.nwu.ac.za/index.php/s/PSBE8koK9Agkzm4>

## Webinar presentation



**Prof MC Maphalala**, a research professor and member of the Research Unit: SDL, was invited by the office of the Deputy Vice-chancellor: Research and Innovation to present a webinar series on intellectual honesty and research integrity. Prof Maphalala made the presentation on “Integrity and Intellectual Honesty in Proposing Research” on Wednesday, 25 November 2020.

Below is a link to the YouTube presentation:

<https://www.youtube.com/watch?v=-FxxFaTWEL4>

The presentation highlighted the essence and the significance of integrity and intellectual honesty in research, focusing on how researchers should make ethical considerations from the early stages of proposing a research project. At the core of these ethical considerations the following was highlighted: The need to

1. **Do good** (known as **beneficence**), meaning that research must be something that will benefit society.
2. **Do no harm** (known as **non-maleficance**), which means research should not purposely cause harm.

Therefore, when conducting research using human data, we are required to always consider these values and principles of ethical conduct from the outset. Ethics therefore should not be regarded as an afterthought. It should, however, be considered from the beginning of the design process, before the research commences. Academic honesty, integrity and research ethics should be underlying tenets for conducting our research. It was stressed that unethical behaviour has serious consequences for both individual researcher and institution.

**NWU RESEARCH INTEGRITY WEBINAR SERIES**

**RESEARCH INTEGRITY AND ETHICS**

Prof Stuart Piketh, Prof Marius Nel & Prof Mncedisi Christian Maphalala

The NWU DVC - Research & Innovation cordially invites you to a Research Integrity Webinar on

**INTELLECTUAL HONESTY AND RESEARCH INTEGRITY**

Guest Speaker: Prof Stuart Piketh  
Topic: Integrity and Intellectual Honesty in Performing Research

Speaker: Prof Marius Nel  
Topic: Integrity and Intellectual Honesty in Reporting Research

Prof Mncedisi Christian Maphalala  
Topic: Integrity and Intellectual Honesty in Proposing Research

Time: 16:30 - 17:45  
Date: Wednesday, 25 November 2020  
Platform: Virtual

CLICK

▶ RSVP here to attend event and to view speaker bios

**NWU** Research Integrity Webinar Series

**Intellectual Honesty and Research Integrity**  
Wednesday, 25 November 2020, 16:30 - 17:45  
Programme Director: Dr Elizabeth Smit

16:35 Welcome & Purpose  
Prof. Dan Kgwadi - Vice-Chancellor: NWU

16:40 Integrity and Intellectual Honesty in Performing Research  
Prof. Stuart Piketh - Faculty of Agricultural & Natural Sciences  
Question & Answer

17:00 Integrity and Intellectual Honesty in Reporting Research  
Prof. Marius Nel - Faculty of Theology  
Question & Answer

17:20 Integrity and Intellectual Honesty in Proposing Research  
Prof. Mncedisi Maphalala - Faculty of Education Sciences  
Question & Answer

17:40 Closing Remarks  
Dr. Hennie Goede - Executive Dean: Faculty of Theology

**Prof MC Maphalala**, navorsingsprofessor en lid van die Navorsingseenheid: SDL, is deur die kantoor van die Adjunkvisekanselier: Navorsing en Innovasie uitgenooi om ’n webinaar-reeks oor intellektuele eerlikheid en navorsingsintegriteit aan te bied.

Prof Maphalala het op Woensdag 25 November 2020 die aanbieding oor integriteit en intellektuele eerlikheid in die voorstelling van navorsing gedoen.

Hieronder is ’n skakel na die YouTube-aanbieding:

<https://www.youtube.com/watch?v=-Fxx-FaTWEL4>

Die aanbieding het die essensie en die belangrikheid van integriteit en intellektuele eerlikheid in navorsing beklemtoon, met die fokus op hoe navorsers etiese oorwegings vanaf die vroeë stadiums van die voorstel van ’n navorsingsprojek moet neem. Die belangrikste etiese oorwegings wat beklemtoon is, is die noodsaaklikheid om:

1. **Goed te doen (weldadigheid)**. Dit beteken dat navorsing iets moet wees wat tot voordeel van die samelewing is.
2. **Nie kwaad te doen nie (nie wangedrag te openbaar nie)**. Dit beteken dat navorsing nie doelbewus skade moet berokken nie.

Daarom moet ons van meet af aan hierdie waardes en beginsels van etiese gedrag oorweeg wanneer ons navorsing met behulp van menslike data doen. Etiek moet dus nie ’n nagedagte wees nie, maar moet vanaf die begin van die ontwerpproses oorweeg word, voordat die navorsing begin. Akademiese eerlikheid, integriteit en navorsingsetiek moet onderliggend wees aan die beginsels van ons navorsing. Daar is beklemtoon dat onetiese gedrag ernstige gevolge vir sowel individuele navorsers as instellings kan inhou.